SOLIDARITEIT



# Hoe word die GEPF deur sy lede beskou?

Theuns du Buisson

April 2024

## Inleiding en oorsig

Die inligting in hierdie verslag is bekom deur 'n vraelys onder lede van die Staatsdienspensioenfonds (GEPF) te versprei. Omdat die GEPF 'n vastevoordeelfonds is, besluit hul bestuur oor jaarlikse verhogings vir pensioenarisse en enige bonusse, sou hulle ruimte daarvoor voorsien. Lede van die fonds het dus geen direkte insae oor hoe vinnig of stadig hulle van hul aftreefondse onttrek nie. Dit is nodig om studies soos hierdie te onderneem om lede die geleentheid te gee om die bestuur van die fonds te beoordeel.


Die vraelys is in Afrikaans en Engels versprei. In die verslag word daar 'n onderskeid getref tussen huidige, afgetrede en voormalige staatsdienswerkers wat die staatsdiens hetsy deur bedanking of ander maniere verlaat het.


Elk van hierdie afdelings word afsonderlik bespreek en die vrae wat aan respondente in die onderskeie afdelings gestel is, verskil ook.


Die vraelys is deur 2 815 respondente in totaal ingevul. Nadat onvolledige vraelyste en respondente wat nooit in die staatsdiens gewerk het nie verwyder is, is daar 1 054 huidige staatsdienswerkers, 701 afgetrede staatsdienswerkers en 667 voormalige staatsdienswerkers wat die staatsdiens op 'n ander wyse as aftrede verlaat het.


## Huidige staatsdienswerkers


Omdat Solidariteit se lede in die staatsdiens oorwegend baie goeie verteenwoordiging in die polisie geniet, is ons netwerke ook sterk daar gevestig. Om hierdie rede het die vraelys hoofsaaklik polisielede bereik. Dit veroorsaak ook dat meer mans as vroue die vraelys voltooi het, met 62% van respondente wat manlik is. Die meeste respondente het relatief lang jare diens in die staatsdiens, ook omdat hulle oor die algemeen tussen 50 en 60 jaar oud is. 60% van respondente is lede van Solidariteit.





Ouderdomsgroep
66+, 3
61-65, 39
18-25, 4
26-30, 12
31-35, 19
36-40, 67
41-45, 99
46-50, 162
51-55, 408
56-60, 241


Solidariteit-lidmaatskap
Nee; 419
Ja, 632



Staatsdienssektor
1000
900
800
700
600
500
400
300
200
100
0
866
19
20
84
26
7
31
Polisie
Weermag
Departement van Korrektiewe...
Onderwys
Gesondheidsorg
Departement van Justisie
Ander staatsdiensorganisasie...





'n Onderwerp wat moontlik in die toekoms ondersoek kan word is die redes waarom staatsdiensamptenare oor die algemeen voel dat hulle voor of op die ouderdom van 60 wil aftree. Internasionaal word aftree-ouderdomme oor die algemeen opwaarts aangepas, met 65 wat toenemend die norm word. Respondente in hierdie studie wil egter oor die algemeen voor of op 60 aftree, wat waarskynlik op ander faktore in verband met hul werksomstandighede dui.





Die meerderheid respondente het ook aangedui dat hul GEPF-belang nie voldoende is vir aftrede nie. As ons aanneem dat staatsdiensamptenare se spaargewoontes soortgelyk is aan dié van ander Suid-Afrikaners, sal dit beteken dat 'n vroeë aftrede – soos die wens van baie staatsdiensamptenare is – vir min beskore is.





Ten spyte daarvan dat die meeste respondente voel dat hul GEPF-belang onvoldoende is, voel 63% dat die staat se pensioenfondsvoordeel wel beter is as wat hulle in die privaat sektor sou kon kry.






Daar heers wel groot kommer oor die veiligheid van pensioengeld onder die GEPF en die PIC se bestuur. Slegs 17% van respondente voel dat hul bydraes veilig is, terwyl die res neutraal is of voel dat hul bydraes nie veilig is nie.








53% van respondente voel dat die bestuur van die GEPF nie in belang van hul lede optree nie. Wanneer dit met die volgende vraag vergelyk word, lyk dit of die GEPF nie in belang van enigiemand optree nie, want 46% van respondente voel dat hulle ook nie in belang van die land optree nie.








Wanneer die vorige vraag oordink word, is dit belangrik om in ag te neem dat die GEPF se mandaat, beleid en statutêre verpligting is om hul lede se belange só te bestuur dat hulle gemaklik kan aftree. 85% van respondente voel dus heel tereg dat hul belange in die GEPF-bestuur se enigste oorweging behoort te wees.






Hoewel die GEPF en PIC as bestuurders van die grootste aftreefonds op die kontinent van Afrika wel 'n deurslaggewende rol in die ontwikkeling van die land kan speel, is dit geensins hul primêre taak nie. Hierdie ontwikkeling kan slegs, volgens hul mandaat en beleid, meegebring word as dit ook voldoende opbrengs vir lede van die fonds kan lewer. Respondente in hierdie vraelys blyk hiermee saam te stem deurdat 57% van hulle voel dat die ontwikkeling van die land nie deel van die GEPF se mandaat moet wees nie. 'n Verdere 20% staan neutraal teenoor só 'n verandering van die mandaat.




Wanneer die laaste drie vrae se terugvoer in oënskou geneem word, is die wantroue in die GEPF nog duideliker. Die oorgrote meerderheid van respondente wens hulle kon hul pensioengeld elders belê, die hoeveelheid mense wat hul bydraes onmiddellik wil onttrek is meer as verwag en ŉ volle 92% van respondente is bang dat die staat hul bydraes sal plunder.











## Afgetrede staatsdienswerkers

Vanweë Solidariteit se groot ledetal in die polisie en die aard van die staatsdiens in vorige dekades, is respondente wat reeds afgetree is oorwegend manlik, met 72% wat hul geslag so aangedui het. Hierdie groep is uiteraard ook ouer, met 58% wat 66 en ouer is.









Omdat die respondente in hierdie afdeling van die verslag reeds afgetree is, is slegs 30% Solidariteit-lede.





55% van respondente het vir langer as 35 jaar vir die staat gewerk.





Hoewel alles nie maanskyn en rose is nie, soos uit latere vrae blyk, sê 62% van die respondente dat hulle na hul aftrede tevrede is met die GEPF.





Daar is ook 'n oop vraag ingesluit waar respondente gevra is om redes te gee waarom hulle tevrede of ontevrede met die GEPF is. Positiewe antwoorde is oor die algemeen dat navrae goed hanteer word, dat betalings moeiteloos geskied en dat verhogings oor die algemeen tred hou met inflasie. Baie positiewe antwoorde het egter ook 'n element van onsekerheid ingesluit oor wat die toekoms mag inhou. 'n Beduidende aantal respondente wat positief is oor die fonds het genoem dat hulle wel bekommerd is oor beleggings wat in die afgelope paar jaar gemaak is, wat hul aftrede onder druk mag plaas.

Negatiewe terugvoer handel hoofsaaklik oor beweerde korrupte beleggings of onsinnige beleggings wat deur die fonds gemaak word. Heelwat respondente sê ook dat jaarlikse verhogings nie tred hou met stygende lewenskoste nie. 'n Hele paar respondente voer ook aan dat die GEPF en PIC deur die ANC gekaap is en dat beleggings volgens die ANC se mandaat gemaak word eerder as in lede se beste belang. Die mees algemene tema is die kommer oor die sekerheid van pensioenuitbetalings in die toekoms. Daar is ook pensioenarisse wat kla dat minder van hul mediesefondspremies nou gedek word as toe hulle afgetree het. Heelwat het ook 'n versoek vir 'n dertiende tjek in jare waar daar positiewe groei is, ingesluit.


53% van respondente, net-net meer as die helfte van die respondente, voel dat hul pensioenbelang in die GEPF nie voldoende is vir aftrede nie.





67% van afgetrede respondente glo ook dat die pensioenfondsvoordeel in die staatsdiens beter is as in die privaat sektor.





57% van respondente voel dat hul pensioenbydraes nie veilig onder die GEPF se bestuur is nie. Slegs 17%, dieselfde getal as by huidige staatsdienswerkers, voel dat hul pensioene wel veilig is onder die GEPF se bestuur. 19% voel dat die GEPF se bestuur van die fondse onder hul beheer goed is.






55% van respondente voel dat die GEPF nie in die beste belang van hul lede optree nie.





So ook glo 45% van die respondente dat die GEPF nie in die belang van Suid-Afrika as 'n geheel optree nie.






As dit kom by die mandaat van die GEPF, voel 93% van respondente dat 'n gemaklike aftrede vir lede die enigste oorweging van die GEPF moet wees. 62% voel dat die ontwikkeling van Suid-Afrika nie deel van hul mandaat moet wees nie.







36% van afgetrede staatsamptenare is neutraal oor of huidige staatsamptenare toegelaat moet word om hul pensioenbydraes elders as by die GEPF te belê. 46% voel wel dat hulle beslis toegelaat moet word om dit te doen. Dit dui op wantroue in die GEPF.





94% van afgetrede respondente het laat blyk dat hulle bekommerd is dat die staat hul aftreegeld sal plunder.






## Voormalige staatsdienswerkers wat die staatsdiens op 'n ander wyse as aftrede verlaat het

Omdat voormalige staatsdienswerkers wat die staatsdiens deur middel van 'n ander wyse as aftrede verlaat het en waarskynlik loopbane elders ook gehad het, is daar slegs biografiese vrae en vier algemene vrae aan hulle gestel.


Van hierdie groep is 64% manlik, 76% is 61 of ouer en 31% is Solidariteit-lede.










75% van respondente in hierdie groep glo nie dat die GEPF staatsdiensamptenare se pensioengeld goed bestuur nie.




60% glo wel dat die staat beter pensioenvoordele bied as wat elders beskikbaar is.




Slegs 43% van respondente glo dat pensioenfondse oor die algemeen goed bestuur word.




'n Oorweldigende 94% van respondente sê dat die regering nie aan pensioenfondse mag voorskryf waarin om te belê nie.




## Gevolgtrekking

Dit is duidelik dat daar groot kommer heers oor die veiligheid van fondse onder die GEPF se bestuur. 94% van afgetrede staatsamptenare en 92% van huidige staatsamptenare is bekommerd dat die regering hul aftreefondse sal plunder.

Wat ook kommerwekkend is, is die wantroue in pensioenfondse oor die algemeen, omdat slegs 43% van respondente wat die staatsdiens op ander wyses verlaat het, gevoel het dat enige pensioenfondse goed bestuur word. Die finansiële sektor het dus 'n wesenlike persepsie-uitdaging.

Baie afgetrede staatsamptenare het ook hul kommer laat blyk oor onlangse beleggings deur die fonds.

Hierdie probleme moet dringend deur die fonds aangespreek word deur middel van deursigtigheid en gevolge vir diegene wat sou oortree.